PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **3 MEI 2016**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING
## STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>Johan Kapp open met gebed. Voorsitter heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br><br>Voorsitter lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br><br>Manie du Preez, Jimmy Scott, Karel Diedericks, Dries ......, Jaap Davies. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br><br>1.5.1 Dr Jan Olwagen<br>Dit gaan aansienlike beter met Dr Olwagen. Sterkte vir die pad vorentoe. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Geen korrespondensie ontvang dus het geen bespreking plaasgevind nie. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Voorsitter lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 1 Maart 2016.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Johan Meiring<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Stan Rodgers | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br>2.1 BJV Pietersburg Skietbaan<br>Geen terugvoer van Anton. Voorsitter het met Josef (NRCS?) geskakel rakende die aangeleentheid. Kostes vir ontwikkeling moet in ag geneem word. Motivering vir so n BJV opset – verskeie klubs gebruik die munisipale bane en dit word al moeiliker om tyd bespreek te kry om klub kompetisies aan te bied.<br>2.2 Handwapen baan<br>Die moontlikheid word ondersoek om 'n handwapen baan langs die BJV saal op te rig. Lede word versoek om kreatief te dink oor hierdie opset. Daar moet ook in ag geneem word dat grondverskuiwing baie duur is.<br>. | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Skietbaan<br>Lidmaatskap gelde beloop R200-00/jaar vir die individuele gebruik van die skietbaan. Hierdie "skietjaar" strek vanaf Maart 2016 tot February 2017 van die daaropvolgende jaar. Na betaling van gelde sal oom Kallie 'n kaart uitreik.<br>1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Geen | Rudi<br>Debbie |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br><br>1.10.1 CHASA kursus<br><br>Die aanbied van n CHASA kursus in Mei is van die baan, en die 4de Junie word as n alternatief oorweeg.<br><br>1.10.2 Junior opleiding<br><br>Daar is sprake dat hierdie opleidings naweek gedurende die Junie/Julie skoolvakansie gaan plaasvind. Die voorsitter sal die lede op hoogte hou sodra meer inligting beskikbaar is. | Rudi / Debbie<br><br>Rudi/Basie |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br><br>1.11.1 Algemeen<br><br>Dis die vooraand van die nuwe jagseisoen, jagters word herinner om binne die wetlike bepalings te bly wanneer hulle gaan jag. Verder moet alle jag inligting aan Debbie deurgegee word sodat sy die lede rekords kan opdateer.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Johannes Oosthuisen, Dolf Botha, Pieter Roets. | Toegewydejagt ers<br><br>Debbie |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br><br>Staan oor. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br><br>1.13.1. Algemeen<br><br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res. | |
| **1.14** | **Skietdae**<br><br>1.14.1 Skietdag terugvoer – 20 April 2016<br><br>In totaal het 24 lede aan die handwapen skiet aktiwiteit deelgeneem. Bane is positief benader en die deelnemers het aangedui dat hulle dit baie geniet het. Daar is tog kommer rakende die afwesigheid van dames handwapen skuts, lede moet asseblief daarop fokus om hul vrouens en dogters hieraan bloot te stel.<br><br>Die jag geweer afdeling was 'n 20 skoot CHASA sportskiet tabel.<br><br>Die voorsitter beklemtoon weereens die feit dat skuts hulle skietvernuf beduidend kan verbeter deur meer gereeld aan | Dennis Traynor |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | skiet dae deel te neem.<br><br>1.14.2 21 Mei 2016.<br><br>Die sal 'n sosiale skietdag wees. Jaggeweer, .22 randslag en big bore sal geskiet word. | Rudi |

**2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING**
**NEW ISSUES FOR DISCUSSION**

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | Lisensie aansoeke<br><br>Daar word kommer uitgespreek rakende die tyd wat dit neem vir lisensie aansoeke om vanaf provinsiaal na CFR te vorder. Voorsitter vra dat lede hule inligting deurgee sodat Hansie Botha dit kan opvolg.<br><br>Die proses laat nie "payment outstanding" toe nie – tog word dit gedoen. Daar word ook genoem dat die sisteem blykbaar nie soos in die verlede gereeld opgedateer word nie. | Almal |
| **2.2** | Junior opleiding<br><br>Daar word tans slegs na 'n Junior I gekyk, die moontlikheid van 'n Junior II kursus sak opgevold word. | |
| **2.3** | Letaba Tak rondomtalie<br><br>Basie bring dit onder die lede se aandag dat ons Letaba tak op 7 Mei 2016 hulle rondomtalie aan bied. Die Muller boereorkes sal daar optree. | |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Geen bespreking het plaasgevind nie. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 07 Junie om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

____________________ ____________________
Voorsitter Datum